

BOEKE WAT SKRYWERS LAAT SKRYF

DEUR ZIRK VAN DEN BERG



Die springmasjien vat jou van waar jy is en neem jou na waar jy wil wees, oor tyd en ruimte heen. Niks kan die springmasjien keer nie. As jy aan 'n situasie kan dink, kan die springmasjien jou daarheen neem, of dit nou *Caligula se tent* of *Sophia Loren se slaapkamer* is. Die springmasjien vra nie vrae nie. Hy praat nie teë nie. Hy is altyd daar wanneer jy hom nodig het. Die handige sakgrootte maak dat jy hom altyd by jou kan dra.

Hierdie fiktiewe *sci-fi*-advertensie het ek baie jare gelede geskryf, gedagtig aan boeke. 'n Boek is 'n springmasjien.

Ek onthou my opgewondenheid toe ek op sewe jaar ontdek 'n mens kan biblioteek toe gaan en hulle laat jou boeke daar leen. Ek het betreklik vinnig van sprokies aanbeweeg na vertaalde jeugboeke en later klassieke werke in die Libri-reeks. Sportboeke ook, soos Louis Wessels se *Die oorwinning* en *Die nuwe seun*. Ek onthou 'n gevoelvolle boek van Hester Heese, *Die klein pasella*, oor 'n dowe seun wat nou en dan vir 'n rukkies kan hoor en wat hoop hy kry so 'n pasellatjie terwyl hy by die nooientjie is op wie hy 'n ogie het.

P.J. Conradie se *Avonture van die Griekse helde en gode*, my ouer suster se voorgeskrewe werk, was jare lank my slaapydboek. Ek het *Trompie* en *Jasper* gelees, *Rooi Jan*, *Die swart luipeerd*, *Oloff die seerower*, *Die buiter*, *Fritz Deelman* en *Freek Stroebel*, die *Drietal*-boeke van Bertrand Retief (soos

ek 'n oudleerling van die Hoërskool Bellville), *Ruiter in die nag*, Doc Immelman, *Agarob: kind van die duine* en *Wadda van die woestyn*.

Op my ouerhuis se enkele boekrak het *Die Afrikaanse kinderensiklopedie* gepryk, wat een band met stories ingesluit het. Daar het ek gelees van die Baba Jaga en “Dagon, die norsste van die Boergondiese helde” (wat sou sy siel so versondig het?). Die *Skatkis*-reeks, wat ons ook gehad het, het vertel van Glaukus, Heer Halewyn, Walter Mitty en vele ander stories, wat naas Bybelverhale deel van my kopwêreld geword het.

Woorde wat huppel

Op laerskool het ons hierdie gereelde aflos-onderwysers gehad, Marié Hamman, 'n drama-mamma. Ons was altyd bly wanneer sy kom, want sy het telkens vir ons W.O. Kühne se *Huppelkind*-stories voorgelees. As daar nou één boek is wat gemaak het dat ek 'n slim Stokou Storieman wou word, is dit hy.

Die *Huppelkind*-stories het aanvanklik in ses dun boekies verskyn. Ek het as grootmens 'n versamelbundel gekoop, *Huppel en sy maats*, en dit vir ons kinders voorgelees, of voorgegee dis wat ek doen, terwyl ek dit eintlik om my eie plesier lees. Die karakters bly my by: die ou maraboe, Fiefman en Diefman, Wielie en Walie, Vlak-Floors en

Vlei-Floors, Haak en Steek, die Nuuskierige Agies en die Boekwurms. Om van die Wilde Wolman nie te praat nie! Bowenal is daar die ongelooflike, poëtiese taal wat borrel en rol, tier en tol; die herhalende beskrywings, ritmies en vol rymwoorde, wat soos inkantasies raak; toorwoorde wat 'n wêreld oproep: "Met 'n wip en 'n trap seil Huppel oor die polle – trippel-trippel deur die grassies, huppel-huppel oor die plassies. Hy peil diekant toe en die wolke seil daardie kant toe, en die vleiwind pluk aan sy kuif."

Miskien is dit hier waar ek die eerste keer bewus geraak het van die wonderwerk wat gebeur wanneer 'n onderhoudende storie en geïnspireerde prosa bymekaarkom. *Huppelkind* is meesterlik. Soek dit as jy dit nie ken nie. Lees dit hardop, vir jouself en vir kinders. Huppel se veldwêreld is vir die meeste van vandag se jongelinge onbekend, maar dit maak nie saak nie. As 'n mens oor kabouters en townaars en superhelde kan lees, kan jy oor 'n veldkind lees.

As vakansiewerker by *Die Burger* in Keeromstraat het ek Wilhelm Kühne ontmoet wat seker toe nie ver van aftrede was nie. Later het ek sy seun Klaus by *Beeld* raakgeloop – 'n Engelssprekende priester wat by die Afrikaanse koerant sub-werk gedoen het. Klaus se ma, Dorothy Hill, het *Huppelkind* se illustrasies gedoen. Hy het bely hy het probeer om sy pa se stories te vertaal, maar kon dit nie regkry nie. Ek glo nie enigiemand kan nie; poësie is dit wat nie vertaal nie.

Ek kry nou nog 'n knop in my keel wanneer ek aan die laaste storie se einde dink: "En dit, liewe kinders, is die hele storie van Huppelkind soos ek dit ken. Nou is daar nie meer nie."

Die geboorte van 'n storieman

Wat is hartseerder as die gedagte dat daar nie meer stories oor is nie?

Dit was nie 'n bewustelike reaksie op hierdie spesifieke boek nie; eerder dat ek voor die betowering van alle stories geswig het wat gemaak het dat ek op 12 my eerste stories begin skryf het. Daar was niks wat ek graagter wou doen nie. My dagdroom was om die Nobelprys vir letterkunde te wen en terselfdertyd te onthul ek is 'n wêreldkampioen-bokser! Op die vooraand van 60 begin ek al hoe meer vermoed hierdie droom gaan – net perdalks – nie bewaarheid word nie.

Benewens die latere trek Nieu-Seeland toe het twee goed my op hoërskool getref wat maak dat my verwysingsraamwerk, wat Afrikaanse boeke betref, skraler as die Hoëveldse winterwind is.

Die een ding het gebeur toe ons in die Julievakansie van st. 7 van die Kaap by my oom-hulle in Windhoek gaan kuier het. My neef Kosie, wat my portuur was, se skool was nog nie uit nie en ek het verveeld by die huis rondgesit. Toe vat ek oplaas Leon Uris se *Exodus* van my

oom se rak en kom tot my verbystering agter ek kan Engels lees. Daar trek ek toe weg en lees in die volgende ses maande meer as 70 Engelse boeke, meestal lywiges (dis nie oordrywing nie, ek het boekgehou). Die besetenheid het in die daaropvolgende jare skaars afgeneem.

Die tweede ontdekking was The Book Exchange, 'n winkel vir tweedehandse boeke so min of meer oorkant my skool. Dit het by my 'n liefde vir daardie winkels gevestig wat nou nog aanhou. Die afwagting as jy voor daardie stampvol rakke staan en nie weet wat vir jou wag nie – 'n versameling boeke wat nie deur bemerkers of mode gemodereer is nie, die opdrifsels van ander lesers se lewe ...

Die rede waarom ek skryf, is om die bruising van opwindning wat ek in daardie boekwinkel ervaar het, te laat herleef. Wat ek eintlik wil wees, is 'n suksesvolle skrywer in die 1970's.

Ek het die vorige jare se blitsverkopers gelees en obskure boeke waarvan g'n hond nog ooit gehoor het nie. Naas die stapels gemors het ek darem goed soos Kafka en Nabokov ook aangepak. Ek het 'n beheptheid met Russiese skrywers ontwikkel en selfs die taal probeer aanleer, maar vergeefs.

Die skrywers wat my in my jongdae die meeste beïnvloed het, was dus nie Brink, Breytenbach of Leroux nie, maar Nabokov, Raymond Chandler en Philip K. Dick. Dalk Toergenjev ook.

Ek lees nog al die jare agter my neus aan; kies wat ook my verbeelding in die oomblik gaande maak. Dit het meegebring dat ek meestal Engels lees vanweë die plekke waar ek snuffel. Ek woon al meer as 20 jaar in Nieu-Seeland en hier is min Afrikaans te vinde, hoewel ek *Mahala* vir \$1 op 'n kermistafel raakgeloop het.

Die Afrikaanse skryfwerk wat vir my bakens bly, is Karel Schoeman se gedrae prosa en Jan Rabie se surrealistiese kortverhale. En my eks-skooppa, C.F. Beyers-Boshoff, se raad dat jy moet skryf "of jy 'n stuk rou lewer op wit satyn gooi". Iewers tussenin soek ek my pad. Ek sit 'n onthou-klontjie in my kies en sê vir myself: "Orie gedorie, Storieman, vertel 'n storie AS JY KAN!" ♣

PEN Afrikaans bestaan ter wille van uitdrukkingsvryheid en die bevordering van die Afrikaanse woordkuns. Met die Boeke wat skrywers laat skryf-rubriekreeks nooi ons vooraanstaande skrywers om te vertel watter boeke hulle geïnspireer en as skrywer gevorm het.

pen
Afrikaans

